Visekanseliersnuusbrief – 14 Oktober 2005

Beste kollegas en studente

Hierdie Visekanseliersnuusbrief (VK-nuusbrief) is die vyfde van die jaar, en ek hoop u vind hierdie manier van kommunikasie nog nuttig. Ek is oortuig dat gereelde en konsekwente kommunikasie 'n baie belangrike deel daarvan is om van enige oorgang 'n sukses te maak. Laat my ook toe om uit te wys dat die Institusionele Bestuurskomitee besluit het om 'n kort nuusbrief na hul maandelikse vergadering uit te gee. Die eerste hiervan verskyn by
http://www.nwu.ac.za/i-news/electronic_newsletters/Newsletter_attachments/IMNews2005_a.pdf

Met die eerste bome wat groen word en die eerste (paar) reëndruppels wat geval het, weet ons dat die jaareinde naby is. 2005 is inderdaad besig om ten einde te spoed en ek is bly om te kan sê dat alle aanduidings is dat ons die meeste van die doelstellings wat ons vir 2005 gestel het, sal verwesenlik. Indien 'n mens na die **samesmeltingstelbord** kyk, is dit duidelik dat ons gedurende hierdie jaar groot vooruitgang gemaak het.

Die Raadsvergadering wat op 23 September 2005 gehou is, het 'n aantal aangeleenthede gefinaliseer. Dit sluit in 'n aantal beleide wat aanvaar is, sowel as groter duidelikheid oor die toekoms van die Mankwekampus (sien die Raadsnuusbrief vir meer besonderhede).

Daar is egter 'n hele aantal belangrike kwessies waaroor daar nog geen finaliteit bereik is nie. Die belangrikste hiervan is die aanvaarding van 'n **Institusionele Plan (insluitende 'n transformasieplan)**. In hierdie verband het 'n Raadskomitee (bestaande uit die Voorsitter en Adjunkvoorsitter van die Raad en die Visekanselier sowel as die Adjunkhoof) kragte met 'n Senaatstaakspan saamgesnoer om 'n Gesamentlike Raadskomitee te vorm. Die opdrag van hierdie Gesamentlike Raadskomitee is om:

- Om die ontwikkeling en finalisering van riglyne en 'n raamwerk vir die Institusionele Plan vir oorweging deur die Raad op 18 November 2005 te ontwikkel en te finaliseer.
- Om 'n kontekstuele raamwerk te ontwikkel om voorsiening vir die behoeftes van strategiese programme van die verskillende kampusse te maak, in ooreenstemming met die institusionele missie.
- Om die rolle, funksies en verantwoordelikhede van die Raadskomitee en die Senaatstaakspan (ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys en die Statuut) duidelik te artikuleer.
- Om 'n gemeenskaplike begrip en institusionele woordomskrywings van kritieke terme/konsepte te vorm.
- Om op gebalanseerde wyse riglyne oor die volgende te artikuleer:
    - Groter doeltreffendheid, en die akademiese transformasie van die Noordwes-Universiteit se kernbesigheid.
    - Die akademiese werklikhede van lewering (tans) en die verwesenliking van die visie (in die toekoms).
- Om insette van verskillende belanghebbendes, in die besonder die Senaat en die Raad, te konsolideer en te benut.
- Om prosesse vir betrokkenheid en deelname op te volg.
- Om prosesse vir die bou van vertroue te fasiliteer.

Na twee vergaderings van die Gesamentlike Raadskomitee is dit duidelik dat daar reeds groter onderlinge begrip tussen die drie belanghebbendes (die Raad, Senaat en bestuur) gebou word. Die laaste vergadering het die mandaat en verantwoordelikheid van bestuur bevestig om 'n omvattende Institusionele Plan vir die Raad te ontwikkel vir oorweging deur die Raad op hul vergadering van 18 November, met inagneming van al die relevante en toepaslike insette. Hopelik sal die aanvaarding van die Institusionele Plan ook lei tot die opskorting deur die raad van die moratorium op aanstellings op sekere vlakke van die Universiteit sodat ons daardie noodsaaklike poste wat vakant is met bevoegde en toegewyde mense kan vul.

Maar terwyl hierdie beplanning op Raads- en institusionele vlak voortgaan, word die **kernbesigheid** van die Universiteit op volle gang voortgesit. Die volgende is noemenswaardige voorbeelde:

- Die uitslae van die Junie-eksamen was bemoedigend (meer besonderhede in die volgende nuusbrief), en voorbereidings vir die jaareindeksamen is voluit aan die gang. Vanjaar begin die eksamen op 2 November en word die laaste vraestelle op 22 November geskryf. Die tweede eksamengeleentheid duur van 28 November tot 8 Desember.
- Dit is ook belangrik om daarop te let dat ons aktief besig is met die verbetering van kwaliteit en dat ons oop is vir eksterne evaluering. In hierdie opsig sal die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) as deel van 'n nasionale oorsig aan die einde van Oktober 'n oorsig van die NWU se MEd-programme onderneem.
- Ons het onlangs die lentegradeplegtighede aangebied – vir 2005 het ons 'n rekordgetal van 93 doktorsgrade vir die NWU toegeken.
- Die aanduidings is dat ons navorsingsuitset vir 2005 weer eens wesenlik sal wees. Howel die finale syfers van publikasies eers later beskikbaar sal wees, is die teikens wat gestel is bemoedigend.

Een van ons onlangs aanvaarde missiestellings verklaar dat die NWU *"...navorsingsresultate en kundigheid – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – tot voordeel van die land, die vasteland en die wêreld"* sal implementeer. Dit is met trots dat ek met u kan deel wat deur **relevante en gefokuste navorsing van hoë gehalte** bereik kan word.**In 'n groot deurbraak is die tender van 'n konsortium van 15 organisasies (die Verskaffingskettingbestuurstelsel) om die Amerikaanse Departement van Gesondheid met die verspreiding van antiretrovirale middels en ander voorkomende medisynes aan lande in Sub-Sahara-Afrika sowel as Viëtnam, Haïti en die Russiese Federasie by te staan deur die USAID aanvaar. Die NWU is een van die lede van die konsortium en ons bydrae (hoofsaaklik deur die Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie) sal wees om kwaliteitsversekering te doen van alle medisyne wat versprei sal word, asook om personeel op te lei om die werklike verspreiding van die medisyne te doen. Die kontrak maak deel uit van die VS-president se Noodplan vir VIGS-verligting ten bedrae van $15 miljard. Ek wens graag al die betrokke personeel sowel as die ander lede van die konsortium geluk. Hierdie kontrak maak dit vir die NWU moontlik om met wêreldleiers saam te werk en ons kundigheid te gebruik om diegene in nood by te staan.**

Een van die afdelings van die Konsep- Institusionele Plan bevat 'n spesifieke **strategie en teikens vir indiensnemingsgelykheid**. As bestuur is ons van mening dat dit redelike hoewel strekdoelwitte is. Ons is ook van mening dat geen organisasie in Suid-Afrika vandag die behoefte aan en die werklikheid van gelykheidstransformasie kan of behoort te ignoreer nie, terwyl hoë doeltreffendheid, prestasie en gehalte steeds gehandhaaf word. Ek wil dus alle personeel die versekering gee dat geen personeel hul werk op grond van ras, geslag of enige ander ontoepaslike maatstaf sal verloor nie – iets wat in elk geval teen die Grondwet is. Ten einde ons in staat te stel om die skip bekend as die "NWU" op koers te hou terwyl dit getransformeer word, het ons alle vaardige personeel nodig. Dit gesê, ons sal ook alles in ons vermoë doen om die gestelde teikens te bereik en die demografiese profiel van die NWU en ons verskillende kampusse te verander.

Die proses om die **begroting vir 2006** te bepaal en dit tydens hul November-vergadering aan die Raad voor te lê, is feitlik afgehandel. Dit is duidelik dat, ten spyte van die feit dat ons minder inkomste sal ontvang vir sover dit staatsbefondsing betref, ons 'n begroting opgestel het wat ons sal help om stabiliteit in 2006 te handhaaf (ander universiteite oorweeg personeelafleggings) en wat die universiteit verder sal voer na die bereiking van ons doel om van 'n *onderriggebaseerde universiteit met gefokuste navorsing* te beweeg na die gewenste posisie om 'n doeltreffende en getransformeerde instelling met 'n balans tussen onderrig en navorsing te word.

Die projek om **die nuwe Oracle-gebaseerde Finansiële en Mensehulpbronstelsel te implementeer** is voluit op dreef. Hoewel dit die verantwoordelikheid van institusionele personeel is om die implementering te doen, sal personeel van alle kampusse vir spesifieke aspekte van die projek betrokke wees. Die implementering van die eerste fase van die projek behoort teen die middel van 2006 voltooi te wees.

Op 'n **infrastruktuurvlak**, is daar goeie vordering op al die kampusse:

> Op die Vaaldriehoekkampus nader die akademiese gebou (insluitende kantore vir personeel) voltooiing;
> Op die Mafikengkampus begin die nuwe Dieregesondheidskliniek en -laboratorium vorm aanneem, terwyl daar ook met die bou van 'n nuwe koshuis met 200 kamers begin is.
> Op die Potchefstroomkampus is die nuwe Sentrum vir Biokinetika- en Hoëprestasiesport in die finale stadium, terwyl bouwerk aan die tweede Astro Turf-hokkieveld (gefinansier met buitebefondsing) 'n aanvang geneem het.

Die infrastruktuurbeplanning vir 2006 sal ná die Raadsvergadering in November beskikbaar wees.

Ná die verkiesing van die kampus-VSR'e is daar op 12 Oktober 'n vergadering gehou om die **Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)** saam te stel. Omdat drie van die kampusse nie die Grondwet van die IVSR aanvaar soos dit verlede jaar deur die Raad aangeneem is nie, kon die IVSR ongelukkig nie saamgestel word nie. Daar is besluit om die aangeleentheid vir advies na die Raad te verwys. Verder, soos so dikwels in die verlede, is (en word) die Mafikengkampus se VSR-verkiesing deur regsaksies bederf. Ek hoop ons kan 'n manier vind om die Mafikengkampus-VSR se werk en verkiesings te stabiliseer, sodat ons studente bedien kan word. Bestuur doen hul bes in hierdie opsig en ek is seker daarvan dat die meerderheid studente met hierdie sentiment sal saamstem.

Ten slotte: ons het die afgelope maande hard gewerk om **eenheid en samehorigheid by die NWU** te verhoog. In hierdie opsig kan die volgende voorbeelde genoem word:

> Die "Wat werk"-opname – ek bedank graag almal wat aan die opname deelgeneem het. Na verwagting sal 'n verslag oor die bevindinge van die opname in November beskikbaar wees en sal hierdie verslag bestuur help om die werklike kwessies by die NWU aan te pak.
> Die eerste institusionele kursus vir nuut aangestelde personeel is aan die begin van September aangebied.

'n Opleidingskursus vir studieleiers van meestersgraad- en doktorale studente vir personeel op al die kampusse is aangebied.

'n reeks eendag-werkswinkels (Augustus tot September 2005) oor veranderingsbestuur en diversiteit is vir alle vlakke van bestuur gehou.

Die Institusionele Bestuur (ondersteun deur die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie) het ooreengekom dat beurse vir meestersgraad- en doktorale studente in die toekoms op al die kampusse beskikbaar sal wees, en dat dieselfde vir postdoktorale studie moet geld.

Die proses van die ontwikkeling van 'n etiese kode vir die NWU en van Gedragskodes vir die toepaslike rolspelers binne die Universiteit is geïnisieer en 'n kerntaakspan bestaande uit lede wat deur die verskillende kampusbesture aangewys is, het op 22 Maart 2005 met hul werk begin. Na verskeie vergaderings, en noudat die NWU se Visie, Waardes en Missiestelling goedgekeur is, bestaan die volgende fase daaruit om woordomskrywings van die NWU se waardes te ontwikkel, daaroor oorleg te pleeg en voorstelle daaroor te maak, asook om etiese diskoers op verskeie vlakke te stimuleer. Daar sal wyd oor die uitkoms van hierdie prosesse oorleg gepleeg word, en 'n legitieme stel Gedragskodes en 'n Etiese Kode vir die hele NWU sal opgestel word, vir aanvaarding deur die Raad.

Ter afsluiting en op 'n meer "simboliese noot" – vier lede van bestuur (prof Annette Combrink – Potchefstroomkampus, me Elbie Steyn – Vaaldriehoekkampus, prof Melvin Mbao – Mafikengkampus en ek – institusionele hoofkantoor) het onlangs Kilimandjaro oorwin. Dit is gedoen as 'n simbool van eenheid: as ons die hoogste vrystaande bergspits in die wêreld (en dus ook die hoogste in Afrika) kan oorwin, behoort ons in staat te wees om van die samesmelting 'n sukses te maak. En noudat die NWU se vlag op Uhuru-spits gewapper het, lê 'n wêreld sonder grense vir ons samesmelting oop…

Ek wens julle graag sterkte en wysheid toe vir die laaste paar weke van die akademiese jaar. In die laaste VK-nuusbrief van die jaar sal ek terugvoer gee oor die Raadsvergadering van 18 November, asook 'n terugblik oor die jaar in die geheel… Tot dan, mooi loop!

Theuns Eloff

Visekanselier